**3 Julie**

## ’n Eerste wat laaste is

**Skrifgedeelte: Matteus 19:1-22 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 19:16-22**

Ons lees hier van ’n pragtige mens: jonk, suksesvol en godsdienstig! Maar in ’n paar sinne vlek Jesus hom as geestelik bankrot oop!

Hierdie jongman – tipies mens – reken hy kan die ewige lewe beërwe deur fatsoenlik te lewe! Hy besef nie dat geen daad, woord of gedagte die toets van volmaaktheid kan deurstaan nie (Matt 5:48). Die Here rig aan hom ’n uitnodiging wat sy lewe radikaal kon verander: “Verkoop alles wat jy het, gee dit vir die armes en volg My.” Daarvoor het hy nie kans gesien nie. Sy aardse besittings het soos ’n muur tussen hom en sy God gestaan.

Hoe is dit met jou gesteld? Ons lewe in ’n wêreld waar die mens geneig is om homself hopeloos te oorskat. Baie welmenende Christene reken hulle sal eendag hemel toe gaan omdat hulle Bybel lees, bid en Gereformeerd is – fatsoenlike mense!

Sou jy, as jy in die skoene van die ryk jongman gestaan het, gehoor gegee het aan die versoek van Jesus? Watter plek neem aardse besittings in jou lewe in? Die jongman het bedruk sy rug op Jesus gedraai. Wat die Here van hom verwag het, was te veel!

Ondersoek jouself. Vertrou jy ten volle op die Here Jesus vir jou verlossing? Wees bereid om uit dankbaarheid alles vir jou God op te offer.

*Sing: Psalm 73:5, 7* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*